

## A 6.2 VERSLAG VAN CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (CLF)

### 1. INLEIDING

CLF het in 1957 as selfstandige instansie ontstaan met die roeping om gratis Christelike literatuur aan alle mense in suidelike Afrika te voorsien. Dit het aanvanklik produkte vir die destydse NGKA gelewer, maar mettertyd ook vir die NG Sendingkerk en ander kerke in die NG Kerkfamilie (binne en buitelands). Toe die NG Kerk CLF in 1968 per kontraktuele ooreenkoms “oorgeneem” het, was die duidelike veronderstelling dat CLF “in trust” vir die NG Kerk Familie bedryf sou word, met die bedoeling om bedieningsmateriaal vir die kerke in die NG Kerkfamilie daar te stel. CLF was dus deurgaans posisioneer as instansie van en vir die NG Kerkfamilie.

Ten einde bogenoemde doelwitte te bereik, is daar oor die jare 'n Fonds opgebou waaruit die gratis pamflette befonds en die verkoopbare produkte gesubsidieer kon word. Hierdie Fonds is opgebou uit bydraes van individue, maar ook die bydraes (kollekte en toekennings) van gemeentes van veral die NG Kerk. Die bydraes is vir die spesifieke bedieningsdoelwitte ontvang en word dus as trustfonds beskou.

Die Fonds word so bestuur dat dit 'n 20 jaar rollende volhoudbaarheidsplan vir die CLF verseker. Die Fonds word op verantwoordelike wyse uitgebou deur middel van dividende- en renteverdienste op 'n beleggingsportefeulje, bydraes van donateurs, bemakings en gemeentelike bydraes.

Die CLF werk graag saam met groter kerklike programme soos die Seisoen van Menswaardigheid en bied noodsaaklike befondsing. Daar word doelgerigte groter en nouer samewerking met Bybel Media as strategiese vennoot nagestreef en daar bestaan 'n hartlike onderlinge verhouding tussen personeel van beide organisasies.

Daar is 'n suksesvolle afsetpunt (boekwinkel) in Bloemfontein tot stand gebring en volhoudbaarheidondersoek word gedoen met die oog op soortgelyke afsetpunte in ander stede en dorpe.

### 2. VISIE, MISSIE EN DOEL

**2.1 VISIE:** Die CLF streef na 'n kerklike en breë gemeenskap wat die boodskap van die Bybel ken, dit glo en daarvolgens lewe. Daarom oriënteer die CLF sy produktereeke in terme van die missionale roeping (*missio Dei*) van die Kerk van Christus.

**2.2 MISSIE:** “Die boodskap van die Bybel aan almal”. Dit word gedoen deur die befondsing, subsidieëring, daarstelling, bemaking en verspreiding van gratis en bekostigbare christelike lektuur.

**2.3 DOEL:** Die CLF stel homself ten doel om 'n Fonds te bou, in stand te hou en aan te wend ten einde sy visie en missie te realiseer

**3. BEHEER EN BESTUUR:** Die CLF is 'n regsentiteit en die ledevergadering word deur die algemene sinodes van die binnelandse familie-kerke aangewys, wat op hulle beurt die Beheerraad, Publikasiekomitee, Ouditkomitee, Bemakingskomitee, Direksie van CLF Uitgewers en Beheerraad van die CLF Vigtrust aanwys.

### 4. PRODUKTE

#### 4.1 GRATIS PAMFLETTE

**Meer as 1,5 miljoen gratis pamflette word tans jaarliks in meer as 20 tale versprei.** Die pamflette is keurig en kleurvol ontwerp en die inhoud is deurdag; kundiges op bepaalde terreine help skep die inhoud. Die pamfletbediening fokus op:

- **Evangelisasiemateriaal (Teikengroep – mense buite die kerk, nie-gelowiges)**  
Bondige verduidelikings van die evangelie (goeie nuus) in verskillende vorms bied die uitnodiging tot geloof in Christus asook toerusting oor hoe die evangelie effektief uitgedra kan word.

- **Geestelike groei (Teikengroep – mense wat reeds glo)**  
Die fokus is die opbou en versterking van gelowiges (lidmate) se geloof deur middel van temas soos geestelike groei, gebed, 'n Bybelgids, hoop, doop, nagmaal, ens.
- **Gemeentetoerusting (Teikengroep – bedieningshulp in gemeentes/kleingroepe, ens.)**  
Toerustingsmateriaal oor aktuele temas in die gemeentebediening (veral ook in gemeentes van die NG Kerkfamilie). Die pamflette is langer as byvoorbeeld evangelisasiemateriaal en word so geskryf dat dit bespreking uitlok. Dit gaan oor temas soos dankoffers, offerandes in tradisionele Afrika-konteks, die wederkoms, nagmaal, doop, ens.
- **Gemeenskapskwessies (Teikengroep – die hele gemeenskap, of spesifieke sektore van die gemeenskap)** Hier word gepoog om verskillende aktuele temas in die gemeenskap aan te spreek – met die oog daarop dat mense se kennis, gesindheid en gedrag sal verander. Dit gaan oor temas soos verskillende vorme van geweld, MIV/Vigs, afhanklikheid, versoening, huwelik, tienerswangerskappe, temas rondom menswaardigheid, basiese lewensvaardighede, ens.

Die pamfletinhoud word tans al hoe meer op die webwerf beskikbaar gestel, toeganklik vir verskillende toepassings – vgl. [www.clf.co.za](http://www.clf.co.za)

## 4.2 BOEKE

### **Kerklike materiaal (Teikengroep – NG Kerkfamilie)**

Amptelike kerklike bedieningsmateriaal soos gesangeboeke, kerklike formulierboeke, doopregisters, kategesemateriaal, ens.

### **Geloofsvorming en Kategese (Teikengroep – NG Kerkfamilie en ook ander kerke)**

Dit gaan hier oor 'n reeks boeke in 'n verskeidenheid tale wat gemik is op geloofsvorming by kinders, bv. *God se kinders – Verhale uit die Bybel*, *Vertel, vertel!* as 'n omvattende nuwe geloofsvormingsreeks. Tans word dit ook as kategesemateriaal deur verskeie buitelandse kerke in die NG Kerkfamilie gebruik, die *Vertel my meer Bybel*, die *Ja-kleuter* reeks, ens.

### **Toerusting vir leiers (Teikengroep – almal wat leiding in die bediening neem, in sowel die NG Kerkfamilie as in ander kerke)**

Dit gaan in hierdie kategorie om preekbundels, nadenke oor fasette van die bediening, hulpmiddels soos Bybelstudies, nadenke oor die kerk se missionêr-diakonale roeping binne ons konteks, ens. Hier word doelbewus ook outeurs van buite die NG Kerkfamilie betrek.

### **Algemene geestelike groei en dissipelskap (Teikengroep – die breër gemeenskap van Suider-Afrika)**

In die kategorie word publikasies gemaak met die oog daarop om geestelike toerusting vir lidmate en selfs nie-gelowiges. Dit handel oor sake wat die gemeenskap raak, soos geloofsgroei, die huwelik, waardes in die samelewing, ens.

## 4.3 OORSIG VAN DIE PUBLIKASIES VIR MAART 2018–FEBRUARIE 2019

**Pamflette:** *Herdrukke:* 61 titels; 412 000 eenhede. *Nuwe pamflette:* 4 titels

**Boeke:** *Herdrukke:* 19 titels; 4 690 eenhede. *Nuwe boeke:* 13 titels

## 4.4 OORSIG VAN DIE PUBLIKASIES VIR MAART 2019 – TANS

**Pamflette:** *Herdrukke:* 33 titels; 132 000 eenhede. *Nuut:* 1. *In proses:* 2 nuut; 2 hersienings; verskeie herdrukke.

**Boeke:** *Herdrukke:* 8 titels; 4 600 eenhede. *Nuwe boeke:* 5 titels; 2 300 eenhede

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die werk wat deur CLF gedoen word en versoek hulle om daarmee voort te gaan.**

**5.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes aan te moedig om van die produkreeks van CLF gebruik te maak.**

**5.3 Die Algemene Sinode wys die volgende persone aan as die stemgeregtigde NG-afgevaardigdes op die ledevergadering van CLF: Dr EC Orsmond, Dr CHJ van Schalkwyk, Ds WJ Botha, Prof PGJ Meiring, Ds FJ Cillié, Dr RB van Aarde en Ds WD Schoeman.**

**Geteken:**

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'WJ Botha', written over a horizontal line.

Ds WJ Botha

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'EC Orsmond', written over a horizontal line.

Dr EC Orsmond